Publication: Rekord East-Oos (Main)
Publication Date: 01 Feb 2019
Page: 15

AVE: 38297.60
Circulation: 78780
Part: 1 of 1

Byeenkoms lewer kookwater atletiek

Koos Venter

Nie eers die welkome reën wat Vrydag in Pretoria uitgesak het, kon die atlete van die sewe puik deelnemende atletiekskole keer om kookwater atletiek op te lewer by Hoërskool Garsfontein se jaarlikse Abrie van Staden-atletiekbyeenkoms nie.

Die byeenkoms is aangebied by die Tuks-atletiekstadion op die Universiteit van Pretoria se LC de Villiers-sportkampus.

Atlete se vertonings by dié byeenkoms het bewys dat die standaard van die atletiek jaarliks verbeter. Daarvan getuig die 34 byeenkomsrekords wat Vrydagaand in die slag gebly het.

Nie minder nie as 20 seuns en 14 meisies het op die baan en in verskeie velditems eersteklasvertonings gelewer en in die proses die rekords laat spat.

Die Garsies was gasheer vir sommige van die land se beste atletiekskole, wat uit Gauteng en Noordwes opgeruk het vir die aksie.

Die Hoërskool Oos-Moot was die ander verteenwoordiger uit Pretoria en atlete van dié skool het terloops gewys dat hulle gereed is om hulself vanjaar onder die stad se bestes in die A-bond te vestig, nadat hulle verlede jaar weer daarheen gepromoveer is.

Pretsige College van Hammanskraal was die ander verteenwoordiger uit die Tshwane-metro en dié skool se atlete het veral op die baan weer hul staal gewys met puik vertonings.

Ander deelnemende skole was Hoërskool Dr EG Jansen van Boksburg, Hoërskool Transvalia van Vanderbijlpark, Helpmekaar Kollege van Johannesburg en Hoërskool Rustenburg uit die Noordwes-provinsie.

Hoewel die reënweer by tye die byeenkoms bedreig het, kon die meeste van die items afgehandel word.

Slegs die 3000m middelafstand-items, wat teen die einde van die program net voor die aflosse sou plaasvind, is uiteindelik gekanselleer.

Die reën het gelukkig effens bedaar en die aflosse – wat natuurlik altyd 'n hoogtepunt by skole-atletiekbyeenkomste is – kon afgehandel word.

Agt seuns en vier meisies het daarin geslaag om tydens die byeenkoms prestasies te lewer wat meer as 1 000 punte op die bekende ABSA-tabel werd was.

In hierdie opsig staan die name van Calvin Scott van Garsfontein en Micyla Botha van Oos-Moot uit.

Scott se rekord afstand van 18.30m (1 189 ABSA-punte) in die gewigstoot vir seuns o.15 was die beste vertoning van die dag.

Botha het dit egter reggekry om twee keer deur die 1 000-punt grens te bars met haar vertonings in die spiesgooi en verspring vir dogters o.14.

Haar 39.33m (1 187 ABSA-punte) in die spiesgooi en 5.41m (1 045 ABSA punte) in die verspring was ook albei byeenkomsrekords.



'n Atleet van Hoërskool Garsfontein in aksie by Vrydagaand se Abrie van Staden atletiekbyeenkoms. **Foto: GB Jordaan**

WE'LL BUY YOUR CAR!
We come to you
• Running
• Non-running
• Accident Damage
DARYL BRITTON
☎ 076 686 9605
onskoopjoukar@gmail.com
WWW.ONSKOOPJOUKAR.COM
So maklik soos dit!
14287/1-2-19

GET IT
We are looking for a media/sales consultant

GET IT Magazine is looking for a salesperson who has the ability to identify opportunities, with a passion for retail and flair for lifestyle.

REQUIREMENTS
• Own reliable vehicle and valid driver's licence.
• A minimum of 5 years relevant direct sales experience.
• Must be able to work under pressure.

WE OFFER:
• Basic salary • Commission structure
• Travel allowance

ONLY SHORTLISTED CANDIDATES WILL BE CONTACTED
Send CVs to Adri Bouwer – adrib@rekord.co.za
Closing date for applications is 7 February 2019.
If you have not heard from us by 14 February 2019, please consider your application as unsuccessful.
It is an upmarket glossy magazine focusing on shopping and lifestyle in the local community.
14507/25-1-19

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.